Ek het U lief

# God sorg vir ons

## Bybelteks

*[Elia] het gegaan en gemaak soos die Here gesê het. Hy het by die spruit Krit gaan bly wat oos van die Jordaan is. Die kraaie het telkens vir hom brood en vleis in die oggend gebring, en brood en vleis teen die aand; en uit die spruit kon hy drink.*

**– 1 Konings 17:5-6**

## Kernwaarheid

**God sorg vir ons; daarom moet ons ander mense versorg.**

### WELKOM

Het dit al gebeur dat iemand onverwags goed was vir jou of jou versorg het? Skryf hier neer wat gebeur het.

### WONDER

- Wat dink jy het Elia gedink toe God vir hom kraaie met kos stuur?

- Hoe dink jy het die weduwee gevoel toe Elia vir haar laaste kos vra?

- Hoekom sê Elia dat die olie en die meel nie sal opraak totdat dit weer reën nie?

## WEES

- Hoe het die man in die video se gesindheid verander toe hy die tannie gehelp het en dankbaarheid van haar ontvang het?

- Wat maak dat ons ook soms met ons hande in ons sakke loop?

- Kan jy aan mense en plekke dink wat ons hulp benodig? Wat kan ons daar gaan doen?

## WEGSTUUR

Dink hierdie week na oor die maniere waarop God op die oomblik vir jou (en julle huishouding) sorg. Skryf dit in jou dagboek neer.